Laerskool KENRIDGE Primary School

Van Riebeecklaan / Van Riebeeck Avenue, KENRIDGE, 7550 | Tel: 021 976 3046/7 | Fax/Faks: 021 975 1312
www.kenridgeprimary.co.za

Every child *Every chance* Every day | *Elke kind* Elke kans *Elke dag* | Wonke umntwana *Lonke ixesha* Yonke imihla

20 Julie 2018

Geagte Ouers

Ons is baie opgewonde om aan te kondig dat Kenridge, in samewerking met die BP-Kenridge Vulstasie, 'n nuwe en opwindende fondsinsamelings-inisiatief loods, naamlik "Project Playground".

Alle ouers, familie en vriende kan aan hierdie inisiatief deelneem. Al wat ons van u verlang, is om tussen 23 Julie en 14 Oktober 2018 by BP-Kenridge brandstof te koop.

Vir elke liter brandstof wat aangekoop word, sal Kenridge 'n skenking van BP-Kenridge ontvang. Die fondse wat deur hierdie inisiatief ingesamel word, sal gebruik word om die verskillende speelterreinareas op ons kampus op te gradeer.

Maar dis nie al nie! Vir elke 20 liter brandstof wat aangekoop word, sal jy 'n Emoji-versamelstuk ontvang. Daar sal elke week 'n nuwe versamelstuk beskikbaar wees. Dit sal wissel van 'n Emoji-potloodsakkie tot 'n verskeidenheid Emoji-balle, potlode en uitveërs. Alle versamelstukke sal slegs terwyl daar voorraad is, beskikbaar wees. Moet dus nie sloer nie!

Neem asseblief kennis van die eenvoudige prosedure hieronder:

1. Koop brandstof by BP-Kenridge gedurende die 12-week promosietydperk.
2. Stel die petroljoggie in kennis dat u aan die Kenridge "Project Playground" inisiatief deelneem.
3. Die petroljoggie sal jou strokie stempel.
4. Hierdie strokie moet in die "Project Playground " promosieboks, in die voorhof, geplaas word.
5. U sal dan u BP Emoji-versamelstuk/ke kan kies.

Ons bedank al ons Kenridge-gesinne vir hul lojale ondersteuning en deelname aan hierdie opwindende inisiatief.

Die uwe

T. Farndell (Mev.)
OOV-ondervoorsitter

S. R. Smith (Mev.)
Skoolhoof